**VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saak Nr. : 248/2009

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

en

**JONAS MASIZA**

---

**CORAM:** WRIGHT, R *et* VAN DER MERWE, R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 11 JUNIE 2009

---

[1] Die beskuldigde is op grond van sy pleit van skuldig daaraan skuldig bevind dat hy 22 Mei 2008 openbare vervoerdiens verrig het sonder 'n geldige permit, strydig met die bepalings van Artikel 102(1)(a) van die Vrystaatse Wet op Openbare Vervoer, No. 4 van 2005. Op hierdie aanklag is hy gevonnis tot 'n boete van R1 500,00 of 50 dae gevangenisstraf. Die beskuldigde is ook ingevolge artikel 55(1) van die Strafproseswet, No. 51 van 1977 skuldig bevind daaraan dat hy versuim het om op 18 Julie 2008 in die Landdroshof te verskyn kragtens kennisgewing ingevolge artikel 56(1) van

die Strafproseswet wat op 22 Mei 2008 aan hom oorhandig is. Vir hierdie oortreding is hy gevonnis tot boete van R300,00 of 30 dae gevangenisstraf. Hierdie boetes is namens die beskuldigde betaal deur ene Edward Mofolo.

[2] Die landdros bring nou egter onder ons aandag dat die skulderkenningsboete van R1 500,00 vervat in die voormelde skriftelike kennisgewing ingevolge artikel 56(1) van die Strafproseswet, blykbaar sonder kennis daarvan aan die kant van die beskuldigde, reeds betaal was deur die beskuldigde se werkgewer klaarblyklik voordat die beskuldigde gedurende 2008 in die hof moes verskyn het. Gevolglik was dat die saak teen die beskuldigde afgehandel voor die verskyningsdatum en moes ‘n lasbrief vir sy arrestasie nie uitgereik gewees het nie. In hierdie omstandighede versoek die landdros dat beide die skuldigbevindings en vonnisse tersyde gestel word en dat die bedrag van R1 800,00 aan Edward Mofolo terugbetaal word. Dit is duidelik dat aan hierdie versoek voldoen moet word.

[3] Gevolglik word die skuldigbevindings en vonnisse tersyde gestel en word belas dat die bedrag van R1 800,00 aan Mnr Edward Mofolo terugbetaal word.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**G. F. WRIGHT, R**

/em